NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)

+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
www.wrestling.org.za
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika

Aan: Sekretaris en Presidente – Stoeiverenigings

SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SA Afrigters Raad

27 Maart 2017

SASAR SKRYWE 10/2017 – NASIONALE OEFEN KAMPE AFRIKA SPANNE 2017

Graag wil ons die volgende inligting deurgee m.b.t. die volgende twee Nasionale oefenkampe wat onderskeidelik op **31 Maart – 1 April 2017** asook die naweek van **13-15 April 2017 plaasvind**. Die Nasionale oefenkamp is verpligtend en maak deel uit van die 80% bywoning syfer wat stoeiers moet handhaaf vir deelname aan die 2017 Kontinentale Kampioenskappe en ander Internasionale deelname.

Let Wel: Stoeiers wat oorweeg wil word vir die alternatiewe internasionale toere en oefenkampe moet nog steeds voldoen aan die vereiste 80% bywoning. Ons is besig om alternatiewe internasionale oefenkampe/ toere vir die kadet, junior en senior stoeiers te reël en sal binnekort die spanne bekend maak asook die detail van die toere. Stoeiers wat nie in die Afrika span opgeneem is nie, moet asseblief let op die reëling.

Let asseblief op die volgende:

- Geen verskonings sal aanvaar word nie, bywoning is verpligtend.
- Al die sessies van die oefenkamp moet bygewoon word.
- Stoeiers moet betyds vir die begin van die oefenkamp.

Besonderhede van Oefen Kampe:

1. **1ste Oefenkamp:**

Datum:	31 Maart – 1 April 2017
Registrasie:	Vanaf 18:00 – 18:30 – Vrydag 31 Maart 2017
Plek:	Primrose Stoeiklub, Primrose (H/V Oak en Quince strate)
Kamp eindig:	17:00 Saterdag 1 April 2017

2 de Oefenkamp:

Datum:	13 – 15 April 2017
Registrasie:	Vanaf 18:00 – 18:30 – Donderdag 13 April 2017
Plek:	Primrose Stoeiklub, Primrose (H/V Oak en Quince strate)
Kamp eindig:	17:00 Saterdag 15 April 2017

President: MHJ Bosse; Ere President: JH Taljard; Visie President: C Villet; Visie President: CJ van der Walt; Sekretaris Generaal & Voorsitter Admin Raad: HN van den Berg;
Tesourier: SH Bartlett; Voorsitter Beampte Raad: W Giliomee; Voorsitter Afrigters Raad: N Coetzee; Voorsitter Spanbestuurders Raad: M Luff;
Voorsitter Mediese Raad: AJ Germishuizen; Hulp Tesourier & Sekretaris General: M Smith; Voorsitter Bemarking & Media: SA Bartlett

SUID-AFRIKAANSE
STOEIFEDERASIE

2. ***Inskrywings vir die 2017 Nasionale Oefenkampe word op ETMS gedoen. Alle stoeiers en afrigters op ETMS inskryf vir die oefenkamp. (Ons vra dat persone wat die inskrywings doen sal let op die volgende reëlings)***
1. Inskrywings sluit op Donderdag 30 Maart 2017 om 10:00 vir die eerste kamp (31 Maart – 1 April 2017) en 12 April 2017 vir die tweede kamp (13 – 15 April 2017)
(Ons vra almal se samewerking met die inskrywings op ETMS ten einde dit vir ons moontlik te maak om effektief voor te berei vir die oefenkamp)

3. Stoeiers wat opgeneem is in die onderskeie Afrika 2017 spanne asook stoeiers wat onder die eerste drie stoeiers geplaas was by die proewe se kamp onkoste word gedek deur die SASF. Die koste vir die oefenkamp beloop R210-00 vir die eerste en R420-00 vir die tweede kamp, vir ander stoeiers wat die kamp wil bywoon. Ons ontvang glad nie meer kontant by die oefenkamp nie, die betrokke stoeiers sal deur die onderskeie Verenigings aangeslaan word vir die koste.

4. Reis reëlings vir stoeiers van ver afgeleë provinsie kan met Mnr. Shaun Bartlett getref word by 083 268 9992 en epos: shaun@mdsholdings.co.za.

5. Enige ander stoeier wat aan die Nasionale proewe deelgeneem het, is welkom om aan die oefenkamp deel te neem. *Die oefenkamp is net vir kadet, junior en senior stoeiers.*

6. Ons versoek dat stoeiers slaap uitrusting asook hardloop skoene sal saam bring.

U vriendelike samewerking word hoog op prys gestel.

Dankie vir u samewerking.

Groete

Voorsitter SASAR

Nico Coetzee

NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)
+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika